

**18 Februarie**

**1 Korintiërs 15:12-20**

***Ons werk - tevergeefs? (2)***

Die Prediker van die Ou Testament verklaar: Ons werk hier op aarde is tevergeefs, sinloos. Paulus van die Nuwe Testament jubel uit: Ons inspanning in diens van die Here is nié tevergeefs nie! (vers 58). Wie's nou reg: Prediker of Paulus? Weerspreek dié twee Bybeldele mekaar?

Die beste manier om twee skynbaar teenstrydige tekste te snap is om elkeen in sy verband te lees. Die prediker se hoofgedagte is dat **BUIE GEHOORSAAMHEID AAN GOD EN SY GEBOD** is alles wél 'n gejaag na wind is. Nie waar nie? Wat is tog die sin en doel van werk om te leef om te slaap, om te werk, om naweek te hou, om te werk om geld te maak, om luuks te leef, om stres-siek te word? Die Prediker praat die volle waarheid.

Paulus handel hier oor die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Omdat Hy die Eersteling is, sal al sy kinders Hom volg - ook óns gaan eendag uit ons grafte opgewek word (20).

Omdat Hy die dood verslaan het, het ons werk sin (58). **IN CHRISTUS** is niks tevergeefs nie.

Prediker én Paulus praat die waarheid, want tussen die tevergeefsheid wat Prediker sien en die sinvolheid waarvan Paulus praat lê die leë graf van Jesus Christus! Hy het nie dood aan die kruis bly hang nie; Hy lewe hier en nou. Daarom werk sy kinders nie om te leef nie - ons leef om te werk tot sy eer.

Sing: Skrifberyming 10:2,6

Ds. J. Botha (Laeveld)